SOUTH AFRICAN SOCIETY FOR HISTORY TEACHING (SASHT)
SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR GESKIEDENISONDERRIG (SAVGO)-KONFERENSIE, NWU, 21-22 Sept 2006 POTCHEFSTROOM

Die SASHT het op 21-22 September sy 20e jaar van bestaan gevier toe die 10e konferensie in Potchefstroom gehou is. In 1996 het dié Vereniging, wat die gerig is op die kwaliteit van geskiedenisonderrig landwyd op alle vlakke van die onderwys, ook sy tiende verjaarsdag met sy 5e konferensie in Potchefstroom gevier.

Sowat 30 referente en 100 geskiedenisopvoeders van oral oor die land het die 20e SASHT-konferensie bygewoon. Hoë lof is uitgespreek rakende die professionele wyse waarop die konferensie deur veral me. Melinda du Toit en Pieter Warnich georganiseer is. Die gehalte van die referate is in die algemeen as die beste in jare beskou. Wat ook besonder prysenswaardig is, is dat alle opvoedingsinstansies gemoeid met Geskiedenisonderrig weer ordentlik begin hande vat om die vak en disipline van Geskiedenis tot verdere hoogtes te lei.

Oor die konferensietema *The 'how to' of History teaching in 21st century South Africa* het prominente referente soos Proff. Albert Grundlingh (US), Fransjohan Pretorius (UP) en mnr. Eddie Smuts (van US en veral gemoeid met die Graad 12 eksamineringsproses) hulle ervaring en navorsing gedeel. Dit was egter Fransjohan se referaat *Unfair 'affirmative action' in South African historiography"* wat ore laat spits het:

I have some concern that the Afrikaner does not figure in the "New History" books on South African history, except as the scapegoat and the villain. The Afrikaner is ignored particularly in the historiography covering the nineteenth century. For most non-Afrikaans historians South African history has become the suffering, struggle and eventual victory of the suppressed masses, that is, African or black history – the African struggle. Afrikaners are judged and condemned in negative terms. Just like there was a "native problem" in Afrikaner national historiography, there is now an "Afrikaner problem". The Afrikaner has achieved nothing positive in the history of South Africa. The pendulum has indeed swung to the other side. For the victor reconciliation seems to mean that the view of the majority has triumphed. There is no room for other views beside the "official' view. This intolerant new view on history is nowhere better illustrated than in a series of six history books published by the Institute for Justice and Reconciliation with the overall title of Turning points in history.[1] *And do not underestimate the impact of this series. In the latest matriculation examination paper for history (higher grade, October/November 2005) of the National Department of Education it was expected of learners to comment on an extract from Turning points in history.*[2]

---

[1] The *Turning points in history* series, with Bill Nasson as chairperson of the editorial board, is a joint initiative of the South African History Project in the Department of Education and the Educating for Reconciliation Programme of the Institute for Justice and Reconciliation (Johannesburg, 2004).
[2] Department of Education, Republic of South Africa, History Paper 1, Addendum, Higher Grade, October/November 2005, 503-1/1 A, p. 2.

Ander referente het die gesprek oor die noodsaaklikheid van ‘n multi-perspektiwiese geskiedenis verder beklemtoon in meer as een bespreking oor die noodsaaklikheid van ‘n historiese begrip by leerders. Dr. Johan Wasserman (U-KZN), Durban se voordrag oor die historiese begrip van veral blanke leerders (siende dat alle leerders teen 2007 binne die nuwe demokratiese bedeling begin skoolgaan het) was insiggewend. Ander “how to” –besprekings het ook ingesluit hoe om met die apartheidsverlede te deel, hoe om rekenaartegnologie in te span (prof. Hennie Steyn) en hersiene moontlikhede vir die praktykmaking van Geskiedenisinhoude om inderdaad ook ‘n beroepsgerigte dissipline te wees. Die Gautengse Departement van Onderwys met Dr. Nishana Parsard aan die woord, het net hoë lof vir die veral die drie NWU historici en geskiedenisvakdidaktici op die SASHT bestuur gehad vir die wyse waarop hulle doelgerig tot kwaliteit onderwysopleiding meewerk. Groter samewerking met die DoE word in die toekoms verwag. Die SASHT beoog ook om in die toekoms meer indringend te kyk na onder meer die nuwe geskiedenishandboeke waarvan die grootste meerderheid Graad 12 handboeke van bekende uitgewers eers in 2008 op die rakke sal wees.